Laerskool Witrivier



Sportbeleid

Inhoudsopgawe

1. Inleiding
2. Visie, Missie en waardes
3. Aanbieding van Sport
4. Struktuur
5. Gedragskode vir buitemuurse aktiwiteite
6. Kommunikasie
7. Logistieke beplanning
8. Fasiliteite en sporttoerusting
9. Finansies
10. Algemene reels en etiket

1. Inleiding

Die doel van die beleid is om die doelwitte, basiese beginsels, algemene reëls en riglyne, gedragskodes, prosedure en struktuur van sportdeelname by Laerskool Witrivier vas te lê om kommunikasie tussen ouers, kinders, sportorganiseerders, onderwysers, afrigters, sportkomitees en alle betrokkenes te verbeter.

2.1 Visie

Ons visie vir sport is om 'n skool te wees waar uitnemende opvoedig in 'n gebalanseerde omgewing geskied deur 'n uitnemende buitemuurse sportprogram waardeur alle leerders, sport- en lewensvaardighede kan kweek en die opwinding van kompeterende sport kan beleef.

2.2 Missie

- Maksimale vrywillige deelname
- Vaardigheidsontwikkeling vir almal
- Kundige en entoesiastiese afrigters
- Gesonde kompetisie oor n wye front
- Talent ontginning
- Spanwerk
- Positiewe gesindheid
- Eerlikheid
- Professionaliteit
- Sportdeelname en – afrigting wat kindgerig is
- Om kompeterend deel te neem

2.3 Waardes

Ons waardes is as volg:

- Ons kinders kom eerste.
- Ons kinders behoort hul eie ideale uit te leef, nie dié van hul ouers nie.
- Ons is toegewyd in ons betrokkenheid by ons skool se sport.
- Ons moedig dit aan dat elkeen groei in sy of haar deelname.
- Ons gee om vir mekaar en respekteer mekaar.

- Ons erken individualiteit en moedig groepsdeelname aan.
- Ons respekteer kulturele verskille.
- Ons kweek graag 'n positiewe uitkyk op die lewe by ons kinders aan.
- Ons strewe na eerlikheid en integriteit.
- Ons ondersteun deelname van almal, insluitende die ouers.
- Ons bevorder leierseienskappe en beloon goeie sportmangees.
  Ons ontwikkel selfvertroue by die leerders deur middel van sport.
- Ons kweek lojaliteit by leerders.
- Ons ontwikkel 'n goeie, gesonde gesindheid by leerders, deur middel van sport.
- Ons erken die feit dat ouers en onderwysers as rolmodelle van kinders dien en moedig ouers en onderwysers aan om hierdie waardes uit te leef.

3. Aanbieding van Sport

3.1 Sportsoorte

Die volgende sportsoorte word by Laerskool Witrivier aangebied:

1. Atletiek
2. Swem
3. Hokkie en mini-hokkie
4. Krieket en mini- krieket
5. Landloop
6. Fietsry
7. Netbal en mini-netbal
8. Sewes rugby
9. Rugby en Bulletjierugby
10. Skaak
11. Tennis en mini -tennis
12. Tweekamp
13. Sokker

3.2 Sportindeling

Indeling van die onderskeie sportsoorte word kwartaalliks en volgens elke seisoen van die sportsoort gedoen.

3.3 Sportprogram

Oefenskedules word voor die aanvang van 'n seisoen deur die sportorganiseerder in samewerking met die Adjunkhoof Sport vasgestel en deur die skool se Bestuurspan goedgekeur.
Addisionele oefeninge kan gereël word, mits botsings met ander sportsoorte of kulturele aktiwiteite wat reeds op die buitemuurse program amptelik bepaal is, nie plaasvind nie.

4. Struktuur

4.1 Die **Hoof** van die skool is oorkoepelend hoof van al die sportsoorte.

4.2 Die **Adjunkhoof Sport** is verantwoordelik vir die bestuur en koördinering van sport, asook kommunikasie in samewerking met die kommunikasiebeampte t.o.v. sport by ons skool.

4. 3. Die **Sportorganiseerder** (Onderwyser) is verantwoordelik vir die bestuur, koördinering en spesifieke kommunikasie van 'n spesifieke sport. Dié persoon werk saam met die Adjunkhoof Sport en die Hoof om die nodige afrigters en hulpafrigters aan te stel.

4.4. Die **Afrigter** is verantwoordelik vir afrigting van 'n spesifieke sportsoort. Die afrigter moet Indien hy/sy nie gekwalifiseerd is nie, kursusse soos gereël deur die sportorganiseerders bywoon. Die afrigter moet ook as skeidsregter kan optree by wedstryde.

4. Gedragskode vir buitemuurse aktiweite

Gedragskodes word opgestel om ouers, leerders en personeel te herinner dat sport geadministrateer, georganiseer en as spel aangebied word tot voordeel van die jong kinders wat die spel wil speel.
By Laerskool Witrivier word daar meer klem gelê op die opvoedingswaarde van sport, as die wenfaktor.
Daarby voeg ons graag die volgende sake, spesifiek gerig op positiewe sportgedrag:

5.1 Gedragskode vir leerders.

Alhoewel deelname aan sport 'n fisiese aktiwiteit is en daar kompetisie betrokke is, moet elke leerder besef en leer hoe om 'n goeie en voorbeeldige sportman of sportvrou te wees.
"Die ware sportman sal die 'ongeskrewe' reëls van die spel handhaaf".

As 'n deelnemer aan buitemuurse aktiwiteite by Laerskool Witrivier, behoort n deelnemer te besef dat hy/sy te alle tye 'n ambassadeur is vir die skool, en sal dáárom dienooreenkomstig gehoorsaam wees aan die volgende bepalings:

- Altyd 'n voorbeeld van goeie sportmangees stel.
- Altyd respek teenoor maats, opponente en die skeidsregter betoon.
- Altyd onthou dat hy/sy deel is van 'n span en dat die span se belange bo eie belange geplaas moet word.
- Altyd lojaal te wees teenoor spanmaats en hulle nooit in die steek laat deur onnodig weg te bly van oefeninge af, of om in die middel van 'n seisoen op te hou met die beoefening van 'n sportsoort nie.
- Altyd betyds te wees vir oefeninge, wedstryde en kompetisies.
- Alle toerusting met respek hanteer.
- By die reëls van die spel hou.
- 'n Nederlaag met ware sportmangees en sonder verskonings aanvaar en erkenning aan die opponente gee.
- Nederig wees in oorwinning.
- Altyd jou beste, ter wille van jouself én jou span te gee en bly n student van die spel en nie verkleinerende aanmerkings maak teenoor jou spanmaats of opponente nie.

Die volgende lys bevat voorbeelde van onaanvaarbare gedrag:

- Laat vir wedstryde.
- Laat vir oefeninge, of wegbly van oefeninge, sonder 'n geldige rede.
- Slordige voorkoms of verkeerde kleredrag.
- Onsportiewe optrede.
- Persoonlike aanmerkings teenoor teenstanders.
- Vuil taal.
- Uitdaging van skeidsregters se gesag.
- Die gooi of beskadiging van toerusting (bv. tennisraket of krieketkolf)
- Enige optrede wat die skool se goeie naam in gedrang kan bring.

5.2 Gedragskode vir ouers

- Die Hoof bly verantwoordelik vir die gedrag en optrede van sy ouers, personeel en leerders.
- Die Hoof en personeel moet te alle tye 'n voorbeeld stel vir hulle ouers en leerders.
- Ouers moet hulle nie skuldig maak aan kru taal, uitskel of slegsê van spelers, afrigters of beamptes nie.
- Stel die voorbeeld aan die spelers deur die beamptes se beslissings te aanvaar.
- Ouers moet ingedagte hou dat spelers deelneem vir hulle eie genot en eie gewin, en nié vir die plesier van die ouers nie.
- Bewys respek teenoor die opponente.
- Ouers mag nie met die spelpatroon van die afrigters inmeng deur sekere opdragte aan die spelers deur te gee nie

* Ouerafrigters mag slegs met die Hoof se toestemming, in buitengewone gevalle, n sport/span afrig waar sy/haar kind betrokke is.

5.3 Gedragskode vir personeel

- Wees altyd betyds vir oefeninge en wedstryde.
- Wees altyd toepaslik geklee vir oefeninge en wedstryde.
- Wees ten alle tye n ambassadeur vir die skool.
- Moet nooit 'n oefening kanselleer op dieselfde dag, of sonder toestemming van die Hoof of

Adjunkhoof Sport nie.

- Wees altyd voorbereid vir oefeninge en wedstryde

5.4 Prosedures in geval van wangedrag

Waar 'n ouer/pesoneellid/ leerder hom/haar wangedra, is dit die verantwoordelikheid van die Hoof/Beheerliggaamom/Sporthoof aan hierdie individu die boodskap oor te dra dat sy/haar optrede nie aanvaarbaar is nie. Indien hierdie persoon nie ag slaan op die berisping nie, moet hy/sy versoek word om in belang van alle partye, nie verdere wedstryde by te woon nie of aan deel te neem nie.

6. Kommunikasie

Kommunikasie is die kern tot die suksesvolle beoefening van sport by ons skool. Kommunikasie moet gereeld, betyds en volledig wees. Kommunikasie is die verantwoordelikheid van die kommunikasie-beampte, Adjunkhoof Sport en die verskeie sportorganiseerder(s), dit geskied deur middel van nuus-briewe, D6- communicator , whatsapp - groepe en afskeurstrokies . Indien 'n ouer iets wil bespreek rakende 'n speler, kan hy/sy die afrigter skakel.

7. Logistieke beplanning

Logistieke beplanning is die verantwoordelikheid van die Sportorganiseerder(s) in samewerking met die vervoerbeampte by die skool. Leerders wat deur die skool vervoer word moet vooraf n toestemmingsbrief inhandig by hul betrokke afrigters wat deur die ouers geteken is. Vervoerreëlings moet 2 dae voor die sportbyeenkoms na die ouers deurgegee word deur die sportorganiseerder.

8. Fasiliteite en sporttoerusting

Die skool beskik oor uitstekende fasiliteite vir oefening en wedstryde vir die onderskeie sportsoorte. Die terreinbestuurder in samewerking met die Adjunkhoof Terrein is verantwoordelik vir die onderhoud en toestand van die sportvelde. Elke individu wat gebruik maak van die fasiliteite is verantwoordelik om dit so te los soos wat hul dit gekry het.

Alle spelers en afrigters moet sporttoerusting en fasiliteite met respek en verantwoordelikheid hanteer. Enige vorm van vandalisme of beskadiging word beskou as 'n ernstige oortreding.
Sodanige spelers/afrigters is onderworpe aan die skool se dissiplinêre prosedure, asook vervanging daarvan op die betrokke persoon se eie koste. Enige verlore goedere moet ingehandig word by die afrigter. Alle verlore goedere word na die *Verlore Goedere*-kamer geneem en kan daar afgehaal word.

9. Finansies

9.1 Begroting

Die Beheerliggaam, Adjunkhoof Sport en Sportorganiseerder is verantwoordelik vir die sportbegroting.

9.2 Donasies

Donasies word verwelkom. Alle donasies moet direk by die skool se finansiële kantoor inbetaal word, of in die skool se bankrekening. Die Finansiële Bestuur sal die donasie toeken aan die betrokke sportsoorte en voorafgoedgekeurde uitgawes kan uit die donasie gedek word.

9.3 Borge

Borge moet deur die Hoof, Adjunkhoof Sport en Sportorganiseerders goedgekeur en gekoördineer word. Borge mag gekry word om te help om kostes te dek, en alle borge word bedank met 'n bedankingsbrief wat deur die Hoof geteken word en word ook uitgenooi na die borgefunksie aan die eiende van die jaar. Dit is die betrokke afrigter se verantwoordelikheid om die borg se naam en besonderhede van die borg in die borgeboek neer te skryf. Geen borge se familie mag bevoordeel word a.g.v die borgskap nie.

9.4 Uitgawes

Die Sportorganiseerder en finansiële kantoor is verantwoordelik vir die noukeurige bestuur van alle uitgawes vir sy/haar spesifieke sport en daar moet gehou word volgens die begroting wat deur die Beheerliggaam goedgekeur is vir elke sportsoort.

9.5 Affiliasie

Baie sportsoorte is geaffilieer by beherende sportliggame in die provinsie of by sportliggame wat toesig hou oor die sport in ons land. Alle sportsoorte word aangemoedig om dié affiliasie in stand te hou. Affiliasiegeld is normaalweg jaarliks betaalbaar en die Sportorganiseerder moet elke jaar die affiliasiegeld betyds betaal.

10. Algemene reëls en etiket.

10.1 Afstel van wedstryde of oefeninge

Die skool besluit of oefeninge/wedstryde afgestel word as gevolg van weersomstandighede.
Geen oefeninge mag afgestel word sonder die toestemming van die Ajunkhoof Sport of die Hoof nie.

10.2 Sportfoto's

Spanfoto's word jaarliks geneem (spelers in korrekte sportdrag). Dit vind normaalweg plaas in die kwartaal waarin 'n spesifieke sportsoort plaasvind.

10.3 Toere

Dit staan die organiseerder en afrigter vry om volgens die Skoolbeleid ten opsigte van toere só 'n uitstappie vir 'n betrokke sportsoort te reël. Dit moet noukeurig en 'n kwartaal voor die beplande toer/kursus beplan word in oorleg met die Adjunkhoof Sport en Hoof, en voorgelê word aan die Beheerliggaam vir goedkeuring. Spelers wat nie die nodige fondse vir die toer kan bekostig nie, mag die ouer 'n borgvorm van die skool aanvrae om sodoende te help met bymekaar maak van die nodige fondse.

10.4 Ouderdomsgroepe

Elke speler mag slegs in sy/haar ouderdomsgroep deelneem. Geen speler mag "op" speel nie.
Met ander woorde, geen jonger speler mag toegelaat word om in 'n hoër ouderdoms- groep te speel nie, al is hy/sy beter as die ouer spelers.

10.5 Kies van spanne

Alle spelers word volgens meriete in spanne opgeneem. Spelers word ook volgens meriete verwys na proewe vir Mpumalanga spanne deur die afrigter(s)

10.6 Bulletjierugby, Mini- Netbal, Mini -hokkie en Mini -tennis

Wedstryde vind slegs op 'n vriendskaplike basis plaas en ligawedstryde of ligaspanne is nie ter sprake nie.

Die doel van sportdeelname op dié jong ouderdom het ten doel om:

(i) genot van die spel te ervaar

(ii) aanleer van vaardighede

(iii) bevordering van liefde vir die sport

(iv) soveel as moontlik jong leerders bloot te stel aan sport

10.7 Afwesigheid

Die volgende reëls moet toegepas word t.o.v. afwesigheid tydens oefeninge/wedstryde:

- 'n Speler moet vooraf 'n skriftelike verskoning inhandig by die afrigter, indien 'n oefening of 'n wedstryd gemis gaan word.
- Ouers moet 'n afrigter onmiddellik in kennis stel indien 'n speler a.g.v. omstandighede buite hul beheer, nie 'n wedstryd kan bywoon nie.
- Indien 'n speler 'n oefening mis, mag hy/sy nie in die daaropvolgende wedstryd speel nie, behalwe as daar 'n aanvaarbare rede vir sy/haar afwesigheid was.
- Indien 'n speler 'n wedstryd mis sonder 'n aanvaarbare verskoning, mag die afrigter die speler uit die span haal of weglaat uit n wedstryd.
- Geen speler mag deelneem aan oefening of wedstryde indien hy/sy siek is nie.

10.8 Kleredrag

Ons skool se voorgeskrewe kleredrag vir sportdeelname is as volg:

- Alle sportspanne speel in voorgeskrewe sportdrag, soos vir die spesifieke sportsoort bepaal. Die kleredragbeleid mag van tyd tot tyd verander soos deur die klerekomitee bepaal, hang van sportsoort tot sportsoort af.
- Slegs **eerste spanne** mag ná goedkeuring deur die Klerekomitee en Beheerliggaam, alternatiewe drag dra.
- Provinsiale klere word gedra wanneer leerders saam met die provinsiale span deelneem, Op Maandae mag die speler die provinsiale baadjie saam die skoolklere aantrek.

10.9. Erkenning en Toekennings

Erkenning en toekennings word aan die einde van die jaar toegeken volgens die prysuitdelingsbeleid van die skool tydens die Prysuitdelingsfunksies en die Prestige aand. Erkenning word ook tydens saalopening aan die betrokke spelers gegee. Slegs sportsoorte wat deur Laerskool Witrivier aangebied word, sal op die genoemde funksies erkenning kry.

10.10 Kies van spankapteine

Die kies van kapteine word deur die afrigter van die betrokke span gedoen en word in oorleg met die betrokke spelers van die span gedoen. Die kies van 'n spankapteine geskied as volg:

- Die afrigter verduidelik presies wat die kapteine se pligte behels.
- Sê aan spelers dat die kapteine ten alle tye leiding moet kan neem.
- Die kapteine word gekies en aangewys.
- Sy/hy moet leiding en hulp van die afrigter met haar/sy taak ontvang.

Die taak van kapteine, onder toesig van die afrigter:

- Alle speelsters van oefening en wedstryde in kennis stel.
- Maak seker dat span sportdrag aan het.
- Heet besoekende skole se spelers tydens tuiswedstryde welkom.
- Groet skeidsregter voor 'n wedstryd en bedank hul na afloop van die wedstryd.
- Handhaaf dissipline in die span, van en op die baan.
- Sien toe dat bane netjies agtergelaat word.

FP van der Riet

Hoof

JC Weitsz

Voorsitter: Beheerliggam